NOORD-BOLAND

# SAWA Noord-Boland

# Kampnuus (Altydwater)

Jaargang 44, Kampnuus 3
April 2026






## Bestuur – 2025/26

| | | | |
|---|---|---|---|
| Voorsitter | Marius van der Mescht | 083 651 8547 | alma.marius@gmail.com |
| Ondervoorsitter | Johan Zaayman | 084 682 8934 | stuworcester@gmail.com |
| Sekretaresse | Elzané Kellerman-Schietekat | 082 078 1558 | elzanekellerman@gmail.com |
| Penningmeester | Louise de Wet | 084 941 1993 | finance@norsa.org |
| Skakelbeampte | Marina Swart | 060 989 2458 | marinaswrt@gmail.com |
| Addisionele Lid | Estie Viljoen | 082 415 5052 | estiedekock@gmail.com |
| Addisionele Lid | Filipe Valverde | 082 569 4881 | valverde.filipe@gmail.com |

**Inhoud** : Inleiding / Kampnuus / Kampprogram



# *Inleiding*

**Goeiedag almal,**

**Hiermee ons April Kampnuus na die suksesvolle Altydwater Saamtrek naby Rawsonville; langs 'n rivier, tussen wingerds en naby ons wynproe-brigade se gunsteling kuierplekke. Die naweek het die Vrydag en Saterdag begin met perfekte, sonnige herfsweer, gevolg deur 'n ietwat nat Sondag. Die ruim afdak het darem gesorg vir aangename sammesyn, saambraai/-potjie en kuier.**


***Filipe***



# *Kampnuus - Altydwater*

**Streke Noord-Boland en Helderberg het die naweek van 24-27 April saamgetrek te *Altydwater*, naby Rawsonville, vir 'n rustige wegbreek. Die weer het die Sondag onsuksesvol die kampgees probeer demp - die warm vure en pruttende potte het daarvoor gesorg.**

**Dié Saamkamp naweek is gereël deur Helderberg met Gawie as ons kampkoördineerder. Die tema was *Saamkuier*, en dis presies wat ons gedoen het.**



**ALTYDWATER KAMPPROGRAM**
24 tot 27 April 2026

SAWA HELDERBERG — NOORD-BOLAND

**Kampkoördineerder**: Gawie Greeff (**0828791478**)

**Troetel dier vriendelik**

**Noodnommers:** Skakel **112**; Netcare911--> **082 911;** Ambulans --> **10177**

***Die tema*** vir die naweek is ***Saam kuier***. Bring geselskap en "goedjies" vir lekker kuier in en rondom die Lapa.

**VRYDAG**

- **18:00** Boekevat - Gawie woonwa
  - ⇒ Ontspan
  - ⇒ Saambraai / Eie braai - nes jy wil

**SATERDAG**

- Rus of verken - nes jy wil.
- 18h00 Saam braai by die Lapa of net waar jy wil.

**SONDAG**

- **09:30** Erediens - Lapa
  - ⇒ Daarna voorsitterstee - bring asb. bordjie met eetgoed. Bring jou koppie, koffie, suiker, melk en water word voorsien.
- **10:00** Begin van gesamentlike potjie kos onder die Lapa. Jy mag jou eie pot ook maak.

**MAANDAG**

10H00 Ontruim die kamp terrein.

*Veilig sleep ......*

Ons was 9 lede van Noord-Boland en 5 van Helderberg; 24 sawanante het die naweek saam geniet.

Die Weskaap se winter is ietwat vroeg hierdie jaar: 'n Mengsel van heerlike, sonnige herfsweer Vrydag en Saterdag, en deurdringende (maar welkome) reën heel Sondag.

Na boekevat *Vrydag*, gelei deur Edward Leach, het Gawie die verwelkoming behartig en die nodige plaatjies is uitgedeel. Daarna is die vure aangesteek en die naweek se ontspan het begin. Die oord se groot Lapa was die middelpunt van ons aktiwiteite. *Saterdag* is die ontspan hervat en die omligende area is verken. Die dag is afgesluit met nog braai en lekker kuier.

*Sondag* is die Erediens deur Edward gelei; gevolg deur die Voorsitterstee. Kort daarna begin die voorbereidings vir potjie maak - Johan se gesamentlike potjie, Frikkie & Ina se "mini-potjies" en ander individuele potjies. Daar was ook die links-van-die-regering braaiers. Vlooi se nuwe broodpan is met baie belangstelling bekyk en sommer deur Charlotte geleen vir 'n toetsrit. Die reën en wind meeste Sondag was darem rustig; die Lapa, warm vure, baie komberse en geselskuier het saam gesorg vir 'n baie aangename dag/aand langs die rivier.

*Maandag* was dit nog naterig en koel. Meeste van ons het vroeg begin oppak en die pad huiswaarts gevat. En so kom nog 'n heerlike naweek tot 'n einde.

*Dankie almal* vir die wonderlike saamkamp en kuier. Ons is dankbaar dat almal is veilig terug by die huis. Kyk gerus deur die fotos onder en ervaar die naweek saam met ons.

Sien mekaar weer by die *Koningskop* saamtrek (Citrusdal omgewing) **22/24 Mei '26**

.

***Filipe***



Ons potjie sjef

Frikkie en Ina maak mini-potjies

Kyk hoe lekker slaap ons!

## Ons ..... was daar!




225 Streek! Baie geluk, Ina en Frikkie!
Vingers in die "cookie jar"!
2026/04/26
Wat het jy nou weer gedoen, Hannes?

# NOORD-BOLAND KAMP PROGRAM - JAAR 2026

| MAAND | DATUM | STREEK WAT AANBIED | KAMP TERREIN |
|---|---|---|---|
| *Jan* | 16 tot 18 | Helderberg | LEENTJIESKLIP, Langebaan |
| *Feb* | 13 tot 15 | Noord-Boland | WOLVENBERG, Rawsonville (TENTE KAMP) |
| *Feb* | 20 tot 22 | Suidwes-Kaap | SKIMKAMP |
| *Mrt* | 13 tot 15 | Suidwes-Kaap | HOLLANDSCHE MOLEN (GEBIEDSKAMP/MUSIEKFEES) |
| *Apr* | 24 tot 26 | Helderberg | ALTYD WATER, Worcester |
| *Mei* | 22 tot 24 | Noord-Boland | KONINGSKOP, WILGERSBOSDRIF PLAAS<br>(18Ks VANAF PIEKENIERSKLOOF) |
| *Jun* | 12 tot 16 | Noord-Boland | KLEINE PARADYS, naby Piketberg |
| *Jul* | Geen kamp | | |
| *Aug* | 28 tot 30 | Albatros | ATKV GOUDINI, Rawsonville (GESAMENTLIKE AJV's) |
| *Sep* | 11 tot 13 | Helderberg | ONRUS WOONWAPARK, Onrusrivier |
| *Okt* | 09 tot 16 | Helderberg/Noord-Boland | APPELKOSIE, Montagu |
| *Nov* | 20 tot 22 | Noord-Boland | KLEINE EIKE, Greyton (KERKSKAMP) |
| *Des* | Geen kamp | | |

